

Skriflesing: Matteus 27:1-10; Handeling 1:15-26

Teks: **Mattheus 27: 3-5; 7; Handeling 1:18**

Sing- Ps. 18:1,2; Ps. 19:7; Ps. 88:1,2,4; Ps. 145:1,2,3

Mattheus 27:1-10

Mat 27:1 En toe dit dag geword het, het al die owerpriesters en die ouderlinge van die volk saam raad gehou teen Jesus om Hom dood te maak.

Mat 27:2 En hulle het Hom geboei en weggelei en Hom oorgelewer aan Pontius Pilatus, die goewerneur.

Mat 27:3 Daarna het Judas, sy verraaier, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge

Mat 27:4 en gesê: Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verrai. Maar hulle sê: Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien!

Mat 27:5 En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggegaan en homself gaan ophang.

Mat 27:6 En die owerpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: Dit is nie geoorloof om dit in die skatkis te stort nie, omdat dit bloedgeld is.

Mat 27:7 En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop as 'n begraafplaas vir vreemdelinge.

Mat 27:8 Daarom is dié stuk grond genoem Bloedgrond, tot vandag toe.

Mat 27:9 Toe is vervul wat gespreek is deur Jeremia, die profeet, toe hy gesê het: En hulle het die dertig silwerstukke geneem, die prys van die gewaardeerde wat hulle gewaardeer het vanweë die kinders van Israel;

Mat 27:10 en hulle het dit gegee vir die grond van die pottebakker, soos die Here my beveel het.

Handeling 1:15-26

Act 1:15 En in dié dae het Petrus in die midde van die dissipels opgestaan—die skare van persone daar bymekaar was omtrent honderd en twintig—en gesê:

Act 1:16 Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van die wat Jesus gevange geneem het;

Act 1:17 want hy is saam met ons getal gereken en het die lot van hierdie bediening verkry.

Act 1:18 Hy het dan 'n stuk grond gekoop met die loon van ongeregtigheid en het vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgestort;

Act 1:19 en dit het bekend geword aan al die inwoners van Jerusalem, sodat daardie stuk grond in hulle eie taal Akeldáma genoem is, dit is Bloedgrond.

Act 1:20 Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woes word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat 'n ander een sy opsiensamp neem.

Act 1:21 Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in— en uitgegaan het,

Act 1:22 van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is—van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding.

Act 1:23 En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Báršabas, met die bynaam van Justus, en Matthías.

Act 1:24 En hulle het gebed en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het

Act 1:25 om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek.

Act 1:26 Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.

Skriflesing: Matteus 27:1-10; Handeling 1:15-26

Teks: **Mattheus 27: 3-5; 7; Handeling 1:18**

Sing- Ps. 18:1,2; Ps. 19:7; Ps. 88:1,2,4; Ps. 145:1,2,3

Broeder en suster- Ons het verlede Sondag al gekyk na 'n besondere grond-transaksie wat vir ons in God se Woord opgeteken staan. Barnabas, 'n Griekse Jood, 'n boorling van Ciprus maar wat 'n stuk grond naby Jerusalem gehad het. Hy wat sy grond naby Jerusalem verkoop het en die geld aan die apostels gegee het om ander mense daarmee te versorg. So was hy een wat ander moed kon gee. Sy bydrae was 'n vertroosting vir arm mense, materieel arm mense, mense wat die Jode ook as vreemdelinge sou beskou, Antiochië se mense....

Vanoggend is ons weer met grond besig, ons staan weer voor 'n grond-transaksie, maar hierdie keer 'n heeltemal negatiewe transaksie terwyl verlede Sondag se transaksie heel positief was. Vanoggend is dit heeltemal anders as wat ons by Barnabas gesien het. Barnabas het begin glo in Jesus Christus, die lewe vóór die dood het vir hom so uitgestaan dat hy in belang van die lewe, in belang van Jesus Christus sy grond verkoop het. Hy hoef nie vanaf sy grond Jesus se koms in te wag nie, want het hy besef Jesus het reeds gekom, Hy kan Jesus beter dien deur nie meer die geloof in sy grond vas te hou nie, maar deur ander mense in die koopsom van sy grond te dien.

Judas daarenteen, boorling van Kariot, seun van Simon, met die geld waarmee hy Jesus verrai het, met daardie dertig silwerstukke het daar ook weer 'n grondtransaksie plaasgevind. Die verraisom het die koopsom van 'n stuk grond geword waarmee daar 'n stuk grond gekoop was om 'n begraafplaas, 'n kerkhof vir vreemdelinge aan te lê. Soos grond baie keer 'n naam kry, so was die grond ook benoem Bloedgrond/ Akeldama (vgl. Hand 1:19). Hierdie kerkhof het nie net 'n naam gekry nie, hierdie kerkhof het geword die instituut van Joodse koppigheid. Kom ons rondom hierdie transaksie na die verskillende aspekte van Akeldama kyk. 1. Judas wat die geld neergooi. 2. Daarna is daar 'n verskriklike grond transaksie. 3. In die laaste plek, hierdie begraafplaas/ hierdie kerkhof word eintlik één stuk ironie. 'n Kerkhof profesie staan teenoor 'n kerkhof protes. Ons uiteindelijke vraag sal wees- Wil ons profeteer met die grond of wil ons protesteer met wat God se grond moet wees.

Eerste dan- Judas gooi die geld neer!

Dit begin by Judas wat in sy gewete gekwel raak. Hy kom ook voor Jesus te staan, die Jesus wat die lewe voor die dood is, maar Judas sien nie die lewe in Jesus raak nie. Hy soen Hom om Hom dood te maak, ja op die einde maak hy homself dood. Hoe anders as Barnabas.

Judas se gewete begin hom veroordeel, maar nou gebeur dit by Judas anders as wat God van ons verwag.

Die verraai som begin Judas se vingers te brand. Hy gaan soek verskoning, hy wil sy skuld probeer wegneem maar hy gaan heeltemal na die verkeerde adres. Wanneer ek maar net sleg voel oor wat ek gedoen het, is dit maar ekself wat met myself wil regmaak, ek voel sleg maar beteken dit dat ek waarlik my skuld besef. Tussen om sleg te voel oor wat ek gedoen het, is dit 'n gewetensaak maar die gewete moet nie my enigste foltering wees nie, my sleg voel moet my, my ware skuld laat besef. Die volle som van skuld, dit moet God se Wet my laat besef. Ek ken my ellende uit God se Wet (Sondag 2 Kategismus), met die Wet moet ek my skuld weeg, met die Wet moet ek by Christus uitkom, nie maar net met 'n slegte gewete, na die tempel en owerpriesters en ouderlinge gaan nie.

Judas gaan na mense wat net so skuldig staan soos hy. Wat kan hulle vir hom doen? Hulle kan net slegter maak dit wat alreeds so sleg is. Almal ly aan dieselfde kwaad, almal moordenaars van God se seun. Die moordenaar wat by die moordenaar sy skuld wil regmaak. Kan dit...dit kan tog nie?! Om sy skuld te bely moet nie eerstens gaan oor wat het ek gedoen nie, maar voor dit nog my vraag mag wees, moet ek eerder vra waarom het ek dit gedoen? Ek moet nie maar net spyt wees oor die gevolge van my sonde nie maar ek moet my sonde in sy oorsprong gaan opdiep... waarom my ongeloof, waarom my haat, waarom my hart wat nie in my soen was nie. Ek soen Hom, maar ek haat Hom. Waarmee was ek besig, waarmee is ek besig... dit moet die groter vrae word...

Wat maak my skande aan God voor ek na my skande voor God kyk? As Judas sy sonde bely dan maak hy asof dit maar 'n enkele daad was, ek het onskuldige bloed verraai, maar Judas dit is nie al nie nie! Wat van die voorafgaande, wat van jou hele lewe, 'n lewe van deurlopende sonde van ongeloof wat al hoe erger geword het.

Ja, geliefdes as dit kom by hoe skuldig ons staan, as dit kom by die feit van ek moet ook my skuld bely, dan skuif ons so maklik die hoofsaak stilletjies eenkant en wil aandag aan die bysakies gee. Ons wil die hoofsaak agter die bysaak probeer wegsteek. Dan sien ons mense raak, maar ons erken nie vir God nie. Sonde word dan na sy sigbare gereken, maar die diep onsigbare kant wil ons stilletjies laat verbygaan. Dan keer ek terug na my finansiële staatjie van 'n paar ure gelede, ek het hierdie dertig silwerstukke wat ek wil teruggee, my somme was

verkeerd, maar ek besef nie die papier waarop ek hierdie somme gemaak het, is al vrot, die hart is vrot waarop hierdie som geskryf staan.

Gaan terug na jou hart, erken in jou hart dit wat so verkeerd is dan sal jy verstaan hoekom die geld jou hande brand. Moet nie by die hande begin nie, begin by die hart. Ja, begin by God Self waar Hy die hart op die tafel sien en beslis nie beïndruk is met wat op die vloer lê nie, al is dit die tempelvloer. Die krummels moet van die tafel kom, dan sal die hondjies dit kan eet, anders werk dit nie...

Judas het hom misreken omdat hy nie met Christus wou reken nie. Met ons sonde moet ons nie na ander mense wil vlug nie, vlug na Jesus Christus Self. As ek by ander mense verligting van my skuld soek dan is Christus vir my nie die enigste Saligmaker nie, dan maak ek Hom tot leuenaar wat in staat is om my sonde te vergewe, hoe groot dit ook al mag wees. My en jou gewetens kan nie sonde uitdelg nie, al kan my gewete my wel baie pla. Ons gewetens kan wel 'n oordeel oor onself bring maar dit kan ons nie voor God regverdig maak nie. Kom eers by die kruis van Christus uit en vanaf die kruis kan jou gewete deur die werk van die Heilige Gees jou verder lei. Judas het daarby nie gekom nie.

Die owerhede van die tempel weier om die geld in die skatkis terug te sit. Hulle onheilige hande was wel gewillig om die geld daaruit te haal toe die verraiers loon betaal moes word. Toe het die middele die doel geheilig. Nou skielik is dieselfde geld onheilig, nou skielik is dit bloedgeld.. Die onheilige doel ontheilig nou ook die middele. Nou skielik mag hulle dit nie terugsit nie. Hulle kon wel die Seun van God daarmee doodmaak maar met sy bloed klaar aan hulle hande weier hulle skielik die bloedgeld. Maniere wat die mens dink homself mee te verontskuldig kan bedrieglike maniere wees onder die vaandel van ek wil God se heiligheid beskerm maar eintlik is ek met die grootste onheiligheid besig. Ja, Judas gooi die geld op die grond neer, op die tempelvloer, om daarna sy lewe op die grond te gaan uitgooi. Ons tweede gedagte is nou na die geld neergegooi is, kom na vore-

Die verskriklike grondtransaksie:

Gewetens kan misleidend wees. 'n Gewete kan maak dat jy nooit by die kruis uitkom nie, maar jy kom by jou ophangplek. Jy koop grond van 'n ander aard. 'n Stukkie selfmoord-grond want dit is wat ons van Judas se grond lees, sy grond was dáárdie stukkie grond waar sy ingewande op uitgeval het toe hy homself opgehang het.

Verskriklik...skokkend...*vooroor geval, oopgebars en al sy ingewande uitgestort*. Dit word Bloedgrond-Akeldama. Judas is seker self daarna op hierdie stuk grond begrawe. Die vroeëre pottebakkersgrond word die mens se eie regverdiging vir sy verkeerde besteding en stel hom in staat om van Judas se dooie liggaam ontslae te raak, dat daar nie te veel vrae daarvoor mag kom nie. Klink baie dieselfde in wat in baie gevalle in Suid-Afrika vandag gebeur. Die middele moet die doel heilig al is dit 'n onheilige doel voorafgegaan deur nog meer onheilige middele. Solank alles net toegesmeer en weggebêre kan word, onder die grond, die kleigrond van die pottebakker.

Grond wat 'n pottebakker gebruik is baie klei, 'n mens kan eintlik nie daarop boer nie. Dit is eintlik maar net die pottebakker wat daar kom, wat die klei gebruik om handige potte te maak, ja so word die onbruikbare klei bruikbaar. Weer iets van 'n omgekeerde ironie. Die bruikbare Judas wat onbruikbaar vir die Here geword het. Die omgekeerde van die klei waarbinne hy nou begrawe word. Omdat hierdie kleigrond nie eintlik vir landbou geskik was nie, het Israel se mense nie veel daar sou kom nie. Net die pottebakker kom daar en die heidene, die vervreemdes, die weggejaagdes, hulle wat ander as agterlike mense beskou. Hulle wat hulle eie stryd moet stry. Hulle kry hulle eie begraafplaas, ... die apartheid na die dood. Mag dit...kan dit! Hulle gee voor hulle verrig 'n filantropiese dood, 'n mensliewende daad, hierdie in werklikheid mensehaters...

Ons kan hiermee 'n begraafplaas bekostig. Ons kan vir die mense wat nie ons mense is nie, 'n eie begraafplaas koop! Klink dalk mooi, klink dalk reg, ons koop apartheid uit en dit vir die gestorwenes. Aan die kruis koop Jesus mense uit dat hulle sy kinders kan wees. Hy betaal vir sy kinders met sy eie bloed, uit elke volk, stam, taal en nasie.... In die tempel skeur die gordyn want daar is 'n middelmuur van skeiding wat God vernietig. Daar gebeur in die tempel wat Paulus later so aangrypend in Gal.3:26-29 beskryf: **26** *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;* **27** *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed.* **28** *Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.* **29** *En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.*

As Jesus opstaan dan het God deur die skeur van die gordyn klaar bevestig dat die grense tussen die Jode en die Grieke, die grense tussen Jode en die sg. vreemdelinge is uitgewis. Dit

gaan nie vir God eerstens aan watter volk jy behoort nie, dit gaan vir God daarvoor of jy aan Jesus Christus behoort. Dit doen God maar wat doen hierdie tempelmanne... owerpriesters, ouderlinge... Hulle koop 'n begraafplaas vir vreemdelinge. Hulle wil die grense wat God sê daar nie mag bestaan nie, hulle wil daardie grense herbevestig en dit met 'n aparte stukkie grond. Hierdie kerkhof wat hulle oprig word eintlik 'n instituut van Joodse koppigheid. Dit word 'n protes van die vleeslike Israel teen die Christus van God. Ja, dit bring ons by ons laaste gedagte vandag:

'n Kerkhof profesie teenoor 'n kerkhof-protes:

Die manne van die tempel koop 'n stuk grond om die onderskeid tussen ons is Jode en al die ander is vreemdelinge, om dáárdie verskil selfs ná die dood te handhaaf. Broeder en suster wat het in 'n ander kerkhof gebeur toe Jesus die dood moes ingaan. Daar was nie 'n kerkhof-protes nie, daar was 'n kerkhof-profesie. Matt.7:52-53: *52 en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan. 53 En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.* Daar gebeur met die dood van Jesus dit wat sy dood eintlik vir ons beteken... die LEWE... die lewe selfs in die kerkhof word deur die kruis bevestig. Die aarde bewe, die grafte word losgewoel en daarbinne kom na vore nie wat daarin begrawe is nie, daarbinne begin dit te lewe. 'n Wonder gebeur. Nie is jy Jood, of is jy slaaf, is jy man of is jy vrou, is jy vreemdeling of wie is jy nie, maar dit gaan oor Wie Jesus Christus is. Daar waar mense sonder onderskeid begrawe is, nog voor die begraafplaas vir die vreemdelinge ingerig was, daar praat die lewe. Dit is niks anders as mense wat in die stad sal gaan profeteer nie, ons lewe in Hom wat die lewe is.

Dit word 'n begraafplaas so anders as Akeldama. Uit die ou kerkhof kom 'n boodskap teen die nuwe kerkhof. Akeldama is 'n instituut vir Joodse koppigheid, dit is 'n ontwerp van die kerkhofteologie van die Jode, 'n begraafplaas vir vreemdelinge. Die Jode wil hulle antitese handhaaf terwyl hulle nie wil reken met wat God se sintese reeds is nie. Om jou antitese ná die sintese van God te wil handhaaf, ook in die kerk, is 'n gevaarlike onderneming uit die hel geblaas. God wil nie die aandag in die eerste plek op die vleeslike skeidslyne vestig nie, maar op die geestelike skeidslyne sal dit op aankom.

God maak 'n verskil waar die mens geen verskil kan maak nie. Israel wil 'n verskil tussen hulle en die vreemdelinge maak, selfs in waar ons begrawe word, die heilige erf word deur die nasie bepaal. God openbaar sy heiligheid in Wie Christus, nie in wie die nasie is nie en waar my grond is en waar ek begrawe gaan word nie. God stel 'n geestelike antitese tussen

heiliges en onheiliges, tussen geloof en ongeloof. Ja Israel stel hulleself in baie opsigte buite die erf al dink hulle hul word daarbinne begrawe. Die skeidslyne loop deur nie in aparte begraafplase nie, maar selfs waar man en vrou langs mekaar begrawe lê, kan dit wees, die een is aangeneem, die ander een nie. Dit is God se kerkhof-profesie teen die Akeldama kerkhof-protos. Die vreemdelinge moet daar begrawe word.

As die mense die grafte uitkom nog voor Akeldama bestaan dan wys dit God is die mens voor. Die kerkhof wat al uit die tyd van die ou Testament kom, praat nuwe Testamentiese taal. Die grond van die ou tyd breek om die grond van die evangelie oop te breek. Grafte bring 'n antitese tussen God se verkorenes en die wat nie verkies is nie, maar ons moet dit nie wil bewerk nie. Dit is God se werk.

Wanneer ons vandag hier afsluit, met wat Judas Iskariot se grafgrond later beteken het, 'n begraafplaas vir vreemdelinge, dan is daardie klei waarbinne die mense begrawe is, so 'n toonbeeld van wat God kan doen. Die pottebakkersgrond stel ons voor die groot Pottebakker. Dit wat Jeremia ook gehoor en gesien het. Jer. 18:5-6: *5 Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: 6 Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? spreek die HERE. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel! In besonder dan ook Rom 9:20- 21- 20 Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie? 21 Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?*

AMEN